**VRYSTAAT HOë HOF, BLOEMFONTEIN**
Republiek van Suid-Afrika

Saak No: **1172/2011**

Voor Sy Edele Regter **C J MUSI**

Op die **19de** van **MEI 2011**

In die aansoek van:

| | |
|---|---|
| **HOëR TEGNIESE SKOOL SASOLBURG** | 1ste Applikant |
| **DIE BEHEERLIGGAAM VAN DIE HOëR TEGNIESE SKOOL SASOLBURG** | 2de Applikant |
| en | |
| **DIE LID VAN DIE UITVOERENDE RAAD VIR ONDERWYS** | 1ste Respondent |
| **DIE DEPARTEMENTSHOOF: DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, VRYSTAAT** | 2de Respondent |
| **WILLEM ABRAHAM LODEWYK** | 3de Respondent |

==================================================================

Na oorweging van die Kennisgewing van Mosie en die ander dokumente wat ingedien is en na aanhoor van die Advokaat vir Applikant,

**WORD DIT GELAS DAT:**

1. Kondonasie aan die die applikante verleen word vir die nie-nakoming van die normale Reëls met betrekking tot vorm en betekening en dat hierdie aansoek as 'n dringende aansoek aangehoor word in terme van die bepalings van Reël 6(12) van die Eenvormige Hofreëls.

2. Die applikante se versuim om te voldoen aan die bepalings van artikel 35 van die Algemene Regswysigingswet, nr. 62 van 1955, kondoneer word.

3. Die eerste en tweede respondente verbied word om:

1.3 anders as kragtens uitdruklike statutêre magtiging daartoe, op enige wyse hoegenaamd, direk of indirek, in te meng in die beheer en bestuur deur die tweede applikant van die finansies en bates van die eerste applikant;

4. Die eerste en tweede respondente beveel word om:

4.1 binne 24 uur na die verlening van hierdie bevel aan die tweede applikant 'n inventaris te verskaf van alle dokumente, rekords, stukke, eiendom en bates van die eerste applikant wat op 19 Julie 2010, 23 Julie 2010 en 14 Septemeber 2010 deur werknemers van die tweede respondent vanaf die eerste applikant se perseel verwyder is (die inventaris);

4.2 in die inventaris ten opsigte van elke item daarvan, indien dit wel van toepassing is, die volgende besonderhede te verskaf:

4.2.1 die aard daarvan;

4.2.2 die datum daarvan;

4.2.3 die outeur daarvan;

4.2.4 die geadresseerde daarvan;

4.2.5 die hoeveelheid bladsye waaruit dit bestaan;

4.2.6 die klagte in die "NOTICE OF DISCIPLINARY HEARING" wat as aanhangsel "JFVW4" tot die funderende beëdigde verklaring van Jan Frederick van Wyngaard aangeheg is (die klagstaat) waarmee dit in verband staan;

4.3 alle items wat in die inventaris vermeld word binne 24 uur na die verlening van hierdie bevel aan die tweede applikant te lewer;

5. Indien die eerste en tweede respondente sou versuim om die bevel vervat in paragraaf 4.3 hierbo na te kom, die Balju gemagtig word om beslag te lê op die dokumente, rekords en bates uiteengesit in die inventaris, en om sodanige dokumente, rekords en bates aan die tweede applikant te oorhandig.

**OP LAS VAN DIE HOF**

**HOFGRIFFIER** **HORN & VAN RENSBURG**

STAATSPROKUREURS